



0824666174  
[wwwmohairblanket.co.za](http://wwwmohairblanket.co.za)  
annetteoelofse@gmail.com

**CC NUMBER: 2011/073819/23**

**KAMFERSPOORT,P.O.BOX 5 ,KLIPPLAAT,6255.**

**CELL: +27(0)824666174      FAX:+27(0)86 694 7317**

**DATUM: 19 MEI 2015**

**Samewerking met Alphen aan den Rhyn**

Bokhaarprodukte is baie gewild in Nederland en ek sal graag betrokke wil raak om moontlik produkte aan hulle te verskaf . My hoofdoel van my besigheid is om produkte wat in Suid-Afrika deur ons boere geproduseer word te help bemark. "Made in SA" is vir my baie belangrik aangesien daar n groot verskeidenheid landbouprodukte is wat verwerk en beter bemark behoort te word. Daarom het ek ook n tweede besigheid begin,Annette Oelofse Natural Fibre Collections om sodoende meer as net bokhaar te bemark.Produkte soos katoen,wol,volstruisvere,leer,skaapvelpantoffels,hout en ander handwerk items soos draad en gehekelde draad engeltjies/harte val daaronder.

Ons vervaardig self ook n wye reeks produkte wat ek in die toekoms sal wil uitbrei en ook om produkte wat deur werkskepping veraardig word beter te bemark. Ek koop aan van vervaardigers so ver as die Vrystaat en Gauteng wat besonderse produkte vervaardig . Dis almal persone wat ek langs die pad produkte sien verkoop het en wat nie bemarkingsgeleenthede het nie.

Al my produkte moet is SA vervaardig word. Ek sal graag meer wil weet van die behoeftes van die besoekers,items waarna hulle soek en om n eenstop punt te wees waar ons items van die land bymekaar kan bring. Herwinde hout items is ook hoog op my lys aangesien dit in talle produkte omskep kan word wat ook weer n invloed op die natuur en die ekonomie kan he.

Vir sommige van my produkte benodig ek weer gare soos hemp wat nog nie op n ekonomiese skaal in SA verbou word nie en ingevoer moet word en hier verwerk kan word tot kledingstukke en dekor items.Dekoritems soos ottomans, is ook n nuwe rigting waarop ek my wil toespits. Natuurlike vesel en herwinde materiaal produkte. Baie privaat persone het n besigheid by hulle huise wat nooit die geleentheid sal he om die produkte op n groterskaal te verkoop omdat hulle besigheid nie groot genoeg is om in groot getalle te voorsien nie agt ekonomiese en arbeidswet redes.Deur al die persone se produkte te kombineer en as uniek handgemaak te bemark omdat dit nie in massa vervaardig word nie,kan dit dalk as n kombinasie ekonomies dit die moeite werd maak om uit te voer en te versprei.

Ek sal ook baiie graag wil wee twat is die behoeftes va die besoekers,na watter produkte hulle soek en wat hulle beplan om na SA uit te voer.

**Kind reagrs**

**MRS AM OELOFSE**

**MEMBER: A.M OELOFSE**